



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NATIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**EKONOMIE V1
FEBRUARIE/MAART 2016**

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
5. Lees die vrae aandagtig deur.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
9. Gebruik slegs blou of swart ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****30 PUNTE – 20 MINUTE**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 C.
- 1.1.1 'n Maatreël wat gebruik word om die ekonomiese voorspoed van 'n land aan te dui, word die ... genoem.
- A bruto binnelandse inkome
 - B per capita nasionale inkome
 - C netto nasionale inkome
- 1.1.2 Eksogene faktore soos ... kan skommeling in die vlak van ekonomiese aktiwiteite veroorsaak.
- A weerpatrone
 - B onbuigsaamheid van markte
 - C vraagpatrone
- 1.1.3 'n Voorbeeld van 'n positiewe eksternaliteit is ...
- A onderwys.
 - B besoedeling.
 - C die rook van tabak.
- 1.1.4 Watter EEN van die volgende kan 'n tekort op die betalingsbalans veroorsaak?
- A Inwaartse buitelandse beleggings
 - B 'n Toename in buitelandse valutareserwes
 - C 'n Afname in mineraaluitvoere
- 1.1.5 Wanneer die regering meer as 50% van die aandele van 'n staatsonderneming verkoop, word dit ... genoem.
- A privatisering
 - B nasionalisering
 - C vryhandel
- 1.1.6 Die Noord-Suid-verdeling beklemtoon die ekonomiese ... wat tussen die ontwikkelde en ontwikkelende lande bestaan.
- A ooreenkomste
 - B programme
 - C verskille

1.1.7 Die nywerheidsontwikkelingsbeleid wat die bevordering van langtermyn-nywerheidsontwikkeling ten doel het, word ... genoem.

- A die Nywerheidsbeleid-aksieplan
- B Spesiale Ekonomiese Sones
- C Ruimtelike-ontwikkelingsinisiatiewe

1.1.8 Die hoofdoelwit van die Vaardigheidsondersteuningsprogram is om ...

- A owerheidsbesteding te verminder.
- B groter belegging in opleiding aan te moedig.
- C vyf miljoen huise te bou.

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Bruto binnelandse produk	A	gebruik rentekoerse om die vlak van besteding te beïnvloed
1.2.2	Piek	B	gee aan lidlande die geleentheid om finansiële ondersteuning van die IMF te verkry
1.2.3	Monetêre beleid	C	wette en regulasies wat vervaardigingswerkzaamhede verbeter
1.2.4	Produksieprysindeks	D	assesseer die prestasie van die ekonomie
1.2.5	Spesiale Trekkingsregte	E	die totale waarde van alle finale goedere en dienste wat in 'n gegewe jaar binne die grense van 'n land geproduseer word
1.2.6	BRICS	F	die gewigtoekenning van binnelands vervaardigde uitsette
1.2.7	Nywerheidsbeleid	G	die boonste draaipunt van die sakesiklus
1.2.8	Ekonomiese aanwyser	H	produksie wat deur permanente inwoners gelewer word
		I	'n handelsooreenkoms tussen 'n groep opkomende markte

(8 x 1) (8)

- 1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.3.1 Die proses waardeur die lewenstandaard van mense in 'n land verbeter
- 1.3.2 Die handelsbeleid waarvolgens die land die plaaslike produksie van goedere aanmoedig eerder as om die goedere in te voer
- 1.3.3 Wanneer owerhede doelbewus die waarde van 'n geldeenheid verhoog
- 1.3.4 Die draaipunt in die sakesiklus waar die vlak van ekonomiese aktiwiteite op sy laagste is
- 1.3.5 'n Land se rekord van transaksies met die res van die wêreld vir 'n ruk lank
- 1.3.6 Geld wat die ekonomiese kringloop binnevloei (6 x 1) (6)
- TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE instrumente van fiskale beleid. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe kan die appresiasie van die rand die uitvoere van goedere en dienste beïnvloed? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE VERMENIGVULDIGEREFFEK

Die regering van Valspar het besluit om vanjaar die nasionale padnetwerk met R200 miljoen uit te brei. Die tendens van huishoudings is om 20 persent van hul inkomste te spaar.


2.2.1 Watter persentasie van hul inkomste bestee huishoudings? (2)

2.2.2 Verduidelik die term *vermenigvuldiger*. (2)

2.2.3 Watter uitwerking sal 'n styging in belasting op die vermenigvuldiger hê? (2)

2.2.4 Bereken die grootte van die vermenigvuldiger. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: Sheneman, Tribune Media Services]

2.3.1 Watter boodskap word in die spotprent hierbo uitgebeeld? (2)

2.3.2 Gee 'n rede vir die huidige stand van die ekonomie. (2)

- 2.3.3 Watter hoof ekonomiese aanwyser word gebruik om die stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie te bepaal? (2)
- 2.3.4 Hoe kan die regering die herstel van die ekonomie versnel? (4)
- 2.4 Onderskei tussen *reële vloei* en *geldvloei* in die ekonomiesekringloop-model. (2 x 4) (8)
- 2.5 Hoe kan die Reserwebank, na jou mening, die tekort op die betalingsbalans verminder? (4 x 2) (8)
- [40]**

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

- 3.1 Beantwoord die volgende vrae.
- 3.1.1 Noem TWEE aanwysers wat verwant is aan buitelandse handel. (2 x 1) (2)
- 3.1.2 Wat is die uitwerking van stygende investeringsbesteding op die ekonomie? (1 x 2) (2)
- 3.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LEWENSVERWAGTINGSNEIGINGS IN SUID-AFRIKA		
JAAR	LEWENSVERWAGTING BY GEBOORTE SONDER MIV	LEWENSVERWAGTING BY GEBOORTE MET MIV
2002	64,2	53,4
2005	65,5	52,1
2008	66,3	56,0
2011	67,1	58,7
2014	67,9	61,2

[Bron: www.statssa.gov.za]

- 3.2.1 Watter jaar, volgens die tabel hierbo, dui die hoogste lewensverwagting sonder MIV aan? (1)
- 3.2.2 Watter instansie is verantwoordelik vir die publikasie van lewensverwagtingsneigings in Suid-Afrika? (1)
- 3.2.3 Verduidelik die term *lewensverwagting*. (2)
- 3.2.4 Watter uitwerking sal MIV/Vigs op produktiwiteitsvlakke hê? (2)
- 3.2.5 Wat het, na jou mening, die verbetering in lewensverwagting van 53,4 jaar tot 61,2 jaar veroorsaak? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ONS TOEKOMS: LAAT DIT WERK – NOP 2030

Die NOP beoog om teen 2030 armoede uit te wis en ongelykheid te verminder. Suid-Afrika kan hierdie doelwitte bereik deur die werkvermoë van sy mense te benut, 'n inklusiewe ekonomie uit te bou, bekwaamheid uit te bou, die kapasiteit van die staat te verbeter en leierskap en vennootskappe dwarsdeur die samelewing aan te moedig.

[Bron: www.nda.org.za]

- 3.3.1 Waarvoor staan die afkorting *NOP*? (2)
- 3.3.2 Wat word met 'n *inklusiewe ekonomie* bedoel? (2)
- 3.3.3 Gee 'n rede waarom dit belangrik is om armoede uit te wis en ongelykheid in Suid-Afrika te verminder. (2)
- 3.3.4 Watter uitwerking het die Uitgebreide Openbare Werke-program op jou plaaslike gemeenskap? (2 x 2) (4)
- 3.4 Bespreek kortliks *indiensneming* as 'n ekonomiese aanwyser. (4 x 2) (8)
- 3.5 Hoe sal die nuut afgebakende spesiale ekonomiese sones (SES'e) streeksontwikkeling in Suid-Afrika bevoordeel? (4 x 2) (8)
- [40]**

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES


40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE items in die finansiële rekening van die betalingsbalans. (2 x 1) (2)

4.1.2 Watter uitwerking het inflasie op die armes? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



4.2.1 Watter aanbodkurwe dui 'n afname in die aanbod van dollar aan? (1)

4.2.2 Watter tipe wisselkoersstelsel word tans in Suid-Afrika gebruik? (1)

4.2.3 Verduidelik die term *wisselkoers*. (2)

4.2.4 Noem EEN faktor wat tot 'n toename in die aanbod van dollar kon gelei het. (2)

4.2.5 Gebruik die grafiek hierbo om die uitwerking van die toename in die aanbod van VS-dollar op die R/VS\$-wisselkoers te verduidelik. (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

OPENBARESEKTOR-BEGROTINGSRAAMWERK				
R BILJOEN	HERSIEN	MEDIUMTERMYNBERAMINGS (MTBR)		
	2012/2013	2013/2014	2014/2015	2015/2016
Inkomste	830	904	1 005	1 118
Persentasie van BBP	27%	27%	27,8%	28%
Uitgawes	972	1 058	1 149	1 239
Persentasie van BBP	32%	32%	31%	31%
Surplus/Tekort	-142	-153	-143	-12
Persentasie van BBP	-4%	-4%	-4%	A
Bruto binnelandse produk	2 995	3 301	3 622	3 997

[Aangepas uit *Die Nasionale Tesourie: Begrotingsoorsig*]

4.3.1 Waarvoor staan die afkorting *MTBR*? (2)

4.3.2 Wat is die internasionale norm vir begrotingstekorte as 'n persentasie van die BBP? (2)

4.3.3 Bereken die begrotingstekort as 'n persentasie van die BBP (**A**). (2)

4.3.4 Wat kan die owerheid, na jou mening, doen om die begrotingstekort te laat verminder? (4)

4.4 Verduidelik hoe die amplitude en tendenslyn in die vooruitskatting van sakesiklusse gebruik kan word. (2 x 4) (8)

4.5 Hoe kan belasting gebruik word om indiensneming in Suid-Afrika te stimuleer? (4 x 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding	Maks. 2
Liggaam Hoof gedeelte: Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/Vergelyk/Evalueer/Oonderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer	Maks. 26
Addisionele gedeelte: Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Oonderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor	Maks. 10
Slot Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: <ul style="list-style-type: none"> • 'n Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is • Enige opinie of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is • Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra • Aanbevelings 	Maks. 2
TOTAAL	40

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

Om internasionaal mededingend te wees, is dit noodsaaklik dat 'n land geskikte handelsbeleidsrigtings gereed moet hê. Hulle moet hul nywerhede uitbrei indien hulle 'n verbetering in die lewenstandaard wil hê.

- Bespreek die argumente ten gunste van beskerming in besonderhede. (26 punte)
- Hoe kan die owerheid, na jou mening, subsidies gebruik om te verseker dat plaaslike nywerhede teen onregverdigde buitelandse mededinging beskerm word? (10 punte)

[40]**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES****40 PUNTE – 40 MINUTE**

Internasionaal word die vernaamste instrumente waarop groei- en ontwikkelingsbeleidsrigtings gebaseer word, vraag- en aanbodkantbenaderings genoem. Die aanbodkantbenadering fokus meer op mikro-ekonomiese doelwitte.

- Ondersoek in besonderhede (sonder die gebruik van 'n grafiek) die aanbodkantbenadering ten opsigte van Suid-Afrika se pogings om ekonomiese groei en ontwikkeling te bevorder. (26 punte)
- Was HOP en GEAR, na jou mening, suksesvol as groei- en ontwikkelingsbeleidsrigtings? (10 punte)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150